education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES V1
## SEPTEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord slegs EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) beskryf die reg tot … wat bepaal dat besighede kredietbewyse en voorafbetaalde dienste moet eerbiedig.

A billike en eerlike handelspraktyke
B redelike bepalings en voorwaardes
C aanspreeklikheid deur verskaffers
D gelykheid in die verbruikersmark

1.1.2 Segapo Konstruksie gebruik hierdie groeistrategie om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel:

A Markpenetrasie
B Produkontwikkeling
C Markontwikkeling
D Bemarking

1.1.3 Spax Bakkery is bedrywig in die ... sektor aangesien hulle brood aan verskeie kliënte aflewer.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D ekonomiese

1.1.4 Die proses om 'n nuwe werknemer se vaardighede en vermoëns by die vereistes van 'n pos te pas, staan bekend as …

A plasing.
B onderhoud.
C induksie.
D opleiding.

1.1.5 Besighede los probleme ten opsigte van gehalte op en implementeer verbeteringe deur ... te gebruik.

A gehalteprestasie
B totale gehaltebestuur
C gehaltebestuur
D gehaltesirkels (5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| Konglomerasie; stukwerk; sifting; tien; aankope; tydsverwant; werwing; drie; Konsentriese; finansiële |

1.2.1 Werkers mag nie meer as ... ure oortyd per dag werk nie.

1.2.2 … diversifikasie word toegepas as Zonke Handelaars nuwe produkte byvoeg wat verband hou met bestaande produkte.

1.2.3 Gedurende die … prosedure word agtergrondkontroles gedoen van aansoekers wat kwalifiseer vir die pos.

1.2.4 Die bestuurder van die … departement verseker dat die verlangde hoeveelhede op die regte tyd en plek afgelewer word.

1.2.5 Werknemers word betaal vir die hoeveelheid tyd wat hulle by die werk spandeer volgens die … salarisbepalingmetode. (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.3.1 BBSEB | A beskryf die minimum aanvaarbare en persoonlike kwaliteite nodig vir die pos |
| 1.3.2 Krag van verskaffers | B implementeer verbetering om aan die behoeftes van die besigheid te voldoen |
| 1.3.3 Makro-omgewing | C fokus op vyf pilare wat alle sektore van die samelewing insluit |
| 1.3.4 Posbeskrywing | D verwys na die faktore binne die besigheid |
| 1.3.5 Handel | E assesseer hoe maklik dit is om pryse af te dwing |
| | F beskryf pligte van 'n spesifieke pos |
| | G fokus op drie pilare wat nie alle voorheen benadeelde mense insluit nie |
| | H verwys na die eksterne faktore buite die besigheid |
| | I assesseer die krag om pryse te beïnvloed |
| | J implementeer verandering op 'n klein skaal |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige DRIE Integrasiestrategieë. (3)

2.2 Beskryf kortliks die stappe in strategie-evaluering. (6)

2.3 Identifiseer die verlofbepaling soos gestipuleer in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) waaraan ELK van die stellings hieronder voldoen het:

2.3.1 Fifi die tikster is verhoed om werk te verrig, wat vir haar en die ongebore kind gevaarlik kan wees.

2.3.2 Lerato het ‘n mediese sertifikaat ingedien, nadat hy vir drie dae afwesig was, weens gesondheidsprobleme.

2.3.3 Die sekretaresse is vyf dae betaalde verlof toegestaan, om na die begrafnis van haar suster om te sien. (6)

2.4 Verduidelik die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie. (4)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**RORI NAELKUNS (RNK)**

Rori Naelkuns is bekend vir hulle pragtige kuns wanneer hulle naels ontwerp. RNK is in 'n hoë misdaadarea werksaam wat die handelsure beïnvloed en lei tot ‘n afname in wins. RNK kan dus nie nuwe tegnologie bekostig nie. Dit sal duur wees om ‘n lening te ontvang as gevolg van hoë rentekoerse.

2.5.1 Haal DRIE uitdagings vir RNK uit die scenario hierbo aan. (3)

2.5.2 Klassifiseer, volgens die relevante PESTWO factor, RNK se uitdagings. (6)

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.5.1 tot 2.5.2 te beantwoord.

| **UITDAGINGS (2.5.1)** | **PESTWO FAKTORE (2.5.2)** |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |

2.6 Bespreek enige TWEE soorte defensiewe strategieë. (6)

2.7 Gee besighede raad oor die implikasies van Ondernemings- en Verskafferontwikkeling (OVO) as een van die pilare van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) vir besighede. (6)
**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem enige DRIE voorbeelde van werknemervoordele. (3)

3.2 Beskryf kortliks die voordele van *induksie* vir besighede. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ZAIN’S GORDYN (ZG)**

Sully werk die afgelope 10 jaar by ZG. Sy het besluit om vrywillig ZG te verlaat, vir ‘n beter werksgeleentheid. Sy het haar werkgewer (ZG) 'n maand kennis gegee.

3.3.1 Identifiseer die rede waarom Sully se indiensnemingskontrak beëindig is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.3.2 Verduidelik ander redes vir die beëindiging van 'n indiensnemingskontrak. (4)

3.4 Bespreek die impak van interne werwing. (4)

3.5 Brei uit oor die betekenis van gehaltebestuurstelsels. (4)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **BAFANA BAKKERY (BB)** |
|---|
| Bafana Bakkery is bekend vir die bak van heerlike koeke. BB voldoen aan etiese reklamepraktyke wanneer hy die koeke bemark. BB bied ook prestasie- aansporings vir personeel om produktiwiteit te verbeter. BB beplan om sy besigheid uit te brei, aangesien dit vinnig groei. |

3.6.1 Haal TWEE gehalte-aanwysers van die besigheidsfunksies uit die scenario hierbo aan. (2)

3.6.2 Klassifiseer ELKE gehalte-aanwyser aangehaal in VRAAG 3.6.1, volgens die relevante besigheidsfunksie. (4)

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.6.1 tot 3.6.2 te beantwoord.

| **GEHALTE-AANWYSERS (3.6.1)** | **BESIGHEIDSFUNKSIES (3.6.2)** |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

3.7 Verduidelik die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (4)

3.8 Stel maniere voor waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verminder. (6)
**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem enige VIER elemente van die SSGB ('SWOT')- analise. (4)

4.2 Beskryf kortliks die regte van werknemers ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (6)

4.3 Brei uit oor die betekenis van leerlingskappe. (4)

4.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **SENWELO SALON (SS)** |
| --- |
| Senwelo Salon ervaar 'n afname in terme van hul dienste. SS het Porter se Vyf Kragte Model gebruik om ‘n omgewingsanalise uit te voer. SS het alternatiewe strategieë geformuleer om op die uitdagings van die besigheid te reageer. Sy het 'n opleidingsessie gereël om die gehalte van werknemers se dienste te verbeter. |

4.4.1 Haal TWEE maniere aan waarop SS die strategiese bestuursproses toegepas het uit die scenario hierbo aan. (2)

4.4.2 Verduidelik ander maniere waarop SS die strategiese bestuursproses kan toepas. (4)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

4.5 Noem enige TWEE bronne van Eksterne Werwing. (2)

4.6 Beskryf kortliks die rol van die Onderhoudvoerder voor die onderhoud. (4)

4.7 Verduidelik die werwingsprosedure. (4)

4.8 Identifiseer die volgende gehaltekonsepte vanuit die gegewe stellings hieronder:

4.8.1 Prosesse wat in plek gestel word om te verseker dat die gehalte van produkte aan die voorafbepaalde standaarde, met minimale defekte voldoen. (2)

4.8.2 Kontrolering van grondstowwe om te verseker dat hoë gehalte standaarde gehandhaaf word. (2)

4.9 Bespreek die impak van totale gehaltebestuur (TGB) indien besighede dit swak implementeer. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

| |
|---|
| Die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005) verskaf 'n raamwerk om die kredietmark te reguleer. Dit beskerm die regte van verbruikers en verskaf riglyne oor hoe besighede hierdie Wet moet nakom. Besighede kan strafmaatreëls in die gesig staar indien hulle nie die Nasionale Kredietwet nakom nie. |

Skryf 'n opstel oor die Nasionale Kredietwet waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die regte van verbruikers ten opsigte van die Nasionale Kredietwet.
- Verduidelik maniere waarop besighede die NKW kan nakom.
- Bespreek die impak van die NKW op besighede.
- Gee besighede raad oor die strafmaatreëls wat hulle in die gesig kan staar indien hulle nie die Wet nakom nie. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKEHULPBRONFUNKSIE)

| |
|---|
| Volhoubare besighede volg die korrekte keuringsprosedure. Die besigheid moet WVF as 'n voordeel implementeer soos dit deur die wet vereis word. Besighede bied byvoordele aan hul werknemers, bykomend tot hul salarisse. Hulle belê ook in die opleiding van hul werknemers om aan hulle te wys dat hulle waardeer word. 'n Effektiewe opleidingsprogram is belangrik vir werknemers om hul huidige vaardighede te verbeter. |

Skryf 'n opstel oor die menslikehulpbronfunksie waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die keuringsprosedure.
- Verduidelik WVF as 'n voordeel deur die wet vereis.
- Bespreek die impak van byvoordele op besighede.
- Gee besighede raad oor die belangrikheid van vaardigheidsontwikkeling in menslikehulpbronne. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou